



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

RELIGIESTUDIES V1

FEBRUARIE/MAART 2010

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

- | | | | |
|-----|-------|---|-----|
| 1.1 | 1.1.1 | In Judaïsme staan die primêre geskifte gesamentlik bekend as die Tanag | (2) |
| | 1.1.2 | Die Pali Kanon is 'n heilige geskrif van Boeddhisme. | (2) |
| | 1.1.3 | Die Koran is in die Arabiese taal geskryf. | (2) |
| | 1.1.4 | Die Upanishads is heilige tekste van die Hindoes. | (2) |
| | 1.1.5 | Die Afrika Tradisionele Godsdienst het nie 'n spesiale dag van aanbidding nie. | (2) |
| 1.2 | 1.2.1 | Eendersheid
Om soortgelyk te wees. | (2) |
| | 1.2.2 | Verskil
Beteeken 'n punt waar dinge nie dieselfde is nie. | (2) |
| | 1.2.3 | Dogma
'n Beginsel of leerstelling, of 'n stelsel daarvan, veral soos neergelê deur 'n kollektiewe godsdiensoowerheid OF 'n beginsel van onderrig wat op godsdienstige outoriteit gebaseer is. | (2) |
| | 1.2.4 | Ideologie
Dit verwys na 'n vervanging van die term godsdienst. Dit is 'n stelsel van oortuiginge wat 'n sosiale of politieke stelsel en sekulêre stelsel ondersteun OF wat nie op outoriteit gebaseer is nie | (2) |
| 1.3 | 1.3.1 | Martin Luther, Isaiah Shembe, Abraham, William Shakespeare | (2) |
| | 1.3.2 | Mekka, Jerusalem, New York , Moria | (2) |
| | 1.3.3 | Kitáb-i-Aqdas, Baha'ulla, Baha'i, Rome | (2) |
| | 1.3.4 | Nuwe Testament, Ou Testament, Vedas, Die Vryheidsmanifes | (2) |
| | 1.3.5 | Jesus Christus, Profeet Muhammad, Siddharta Gautama, Dalai Lama | (2) |
| | 1.3.6 | Sionistiese Christenkerk, Nasaret Baptistiese Kerk (Ibandla lamaNazareth), Internasionale Pinkster Christenkerk, Methodistekerk | (2) |
| 1.4 | | <ul style="list-style-type: none"> • Ortodokse Judaïsme • Konserwatiewe Judaïsme • Hervormde Judaïsme | (6) |

- 1.5
- Hierdie term verwys na verligting ('enlightenment').
 - Dit is verligte wesens wat nirwana uitstel sodat hulle ander kan help totdat alle voelende wesens (geanimeerd, asemhalend, bewus) verligting bereik het. (6)
- 1.6
- Afrika Tradisionele Godsdienst leer dat God verhewe is bo die verstand of beheer van mense.
 - God kan net deur die voorvaders bereik word.
 - Die eerste generasie voorvaders kom van die eerste generasie mense.
 - Die voorvaders leef in die geesteswêreld.
 - Hulle het die krag om lewende mense te beskerm.
 - Hulle kommunikeer met God namens die lewende mense. (6)
- 1.7 Hulle almal glo in die bestaan van slegs een God. (2)
[50]

AFDELING B

VRAAG 2

- 2.1
- 2.1.1 Hindoeïsme
- Die waarheid of God is een. Geestelikes het verskillende name daarvoor.
 - Dit het nie 'n stigter nie.
 - Daar is nie 'n verenigende oortuiging of leer nie. (4)
- 2.1.2 Judaïsme
- Hulle glo dat hulle die afstammelinge is van 'n volk wat ongeveer 1250 BCE 'n verbond met God gesluit het.
 - Abraham word as die spirituele stigter beskou.
 - Volgens die Joodse tradisie word die verpligtinge van die verbond in die Tien Gebooie vervat. (4)
- 2.2
- Verstaan ooreenkomste en verskille. (2)
 - Ontdek gemeenskaplike kenmerke. (2)
 - Verstaan hoe godsdienste verskil sonder om hulle te kritiseer. (2)
- 2.3
- Behalwe dat hulle verskil, het godsdienste ook ooreenkomste.
 - Intergodsdienstige bewegings fokus op ooreenkomste eerder as verskille.
 - Intergodsdienstige beweging bevorder verdraagsaamheid.
 - Intergodsdienstige bewegings kan tot 'n vreedsame bestaan bydra. (4)
- 2.4
- Sunni Moslems
 - Shi'a Moslems
 - Sunni's glo dat enige waardige Moslem Muhammad se opvolger kan wees.
 - Shi'a Moslems glo dat slegs 'n persoon uit die bloedlyn van Muhammad sy opvolger kan wees.
 - Die meeste Sunni's aanvaar die hadith-versameling van Imam Bukhari. (8)

- 2.5
- Theravada
 - Mahayana
 - Vajrayana

(4)

2.6 Ja, ek stem saam.

Palestina-Israel-oorlog as een voorbeeld:

- Die konflik gaan oor gebied sedert die Balfourverklaring van 1917.
- Dit is nie 'n oorlog wat op godsdienstige verskille gebaseer is nie.
- Daar is geen bedoeling om te bekeer of te propageer nie.
- Sionistiese Israeli's het die beginsel van die 'Beloofde Land' gebruik waarin Israel aan die Jode behoort.
- Moslems noem dit 'n regverdige oorlog in terme van Islamitiese beginsels – hulle veg teen die besetter vir hul eie land.
- Sionistiese Jode het alliansies gesluit met die Christengroepe in die VSA en het gewaarborgde ondersteuning.
- Hierdie ondersteuning van die Jode deur sommige Christene veroorsaak spanning tussen die VSA en die Moslemwêreld.
- Die VSA gebruik sy vetoreg in die Verenigde Nasies om Israel teen internasionale sanksies te beskerm.
- Organisasies soos HAMAS word as terroriste-organisasies beskou, en word dus uitgesluit uit vredes pogings in Palestina.
- Moslems voel dat die media teen Moslems gekant is, en dit verhoog spanning tussen die Weste en die Moslemwêreld.

(20)
[50]

VRAAG 3

3.1 Christelike godsdiens

Daar was eenmaal 'n man wat uitgegaan het om koring te saai. Terwyl hy die saad in die veld gesaai het, het van die saad op die pad geval, en die voëls het gekom en dit opgepik. Van die saad het op klipperige grond geval waar daar min goeie grond was. Die sade het gou begin groei omdat die grond nie diep was nie, maar toe die son opkom, het dit die jong plante doodgebrand. Omdat die wortels nie diep genoeg gegroei het nie, het die plante gou verdroog. Sommige sade het tussen doringbosse geval, wat vinnig gegroei het en die sade verdring het. Maar sommige sade het in goeie grond geval en die plante het goeie koring gelew: sommige het honderd are gelew, ander sestig en ander dertig. En Jesus sê toe: 'Die wat ore het om te kan hoor, moet luister!'

Hierdie vergelyking leer oor verskillende reaksies op God se Woord. Dit vertel ons dat sommige mense God se woord vinnig aanvaar, maar dit word maklik weggeneem deur die bose. Tweedens, wanneer die woord van God verkondig word, kan dit dalk nie 'n vastrapplek kry nie, sodat mense terugkeer na hulle bose gewoontes. Dit help egter dié wat dit 'n plek in hul harte en gedagtes gee om hulle sondes agter te laat en volgens God se wil te leef.

Hindoeïsme

Die heer Krishna en die konings

Die heer Krishna wou die wysheid van sy konings toets. Eendag roep hy koning met die naam Duryodana. Duryodana was regoor die land bekend vir sy wreedheid en hebsug, en sy onderdane het in vrees gelewe.

Die heer Krishna het vir koning Duryodana gesê: 'Ek wil hê jy moet om die wêreld toer en vir my 'n waarlik goeie mens soek.'

Duryodana het geantwoord: 'Ja, my heer' en getrou met sy soektog begin. Hy het baie mense ontmoet en met hulle gepraat, and na 'n lang tyd het hy teruggegaan na die heer Krishna toe en gesê: 'Heer, ek het gedoen wat u gevra het en die wêreld deur gesoek na 'n waarlik goeie mens. Hy kan nie gevind word nie. Almal is selfsugtig en boos. Nêrens is daar die goeie mense wat u soek nie!'

Die heer Krishna het hom weggestuur en 'n ander koning, Dharmaraja, laat kom. Hy was 'n koning wat bekend was vir sy vrygewigheid en goedhartigheid en sy mense was lief vir hom. Krishna sê toe vir hom: 'Koning Dharmajara, ek wil hê jy moet om die wêreld reis en vir my een waarlik bese mens bring.'

Na 'n lang tyd het hy teruggegaan na Krishna toe en gesê: 'Heer, ek het gefaal. Daar is mense wat mislei word, mense wat verward is, mense wat in blindheid optree, maar op geen manier kon ek 'n waarlik bese mens kry nie. Hulle het almal goeie harte ten spyte van hulle tekortkominge!'

Die filosofiese leerstelling van hierdie gelykenis is dat elke persoon deel is van die heilige. Niemand is werklik boos nie, dit hang af van jou eie siening. Elkeen het die vermoë om goed te wees, en daarom kom die koning tot die gevolgtrekking dat almal goeie harte het en dus 'n kans gegee moet word.

(14)

3.2

3.2.1 Boeddhisme

In Boeddhisme kan geloof as die aanvaarding van sekere oortuigings gesien word as 'n hindernis op die weg na verlossing. Sommige Boeddhiste glo dat 'n gehegtheid aan geloof net so sleg is as 'n gehegtheid aan byvoorbeeld geld, omdat dit lei tot lyding vir die persoon self en vir ander.

(4)

3.2.2 Judaïsme

In Ortodokse Judaïsme is daar min spasie vir afwyking wat die sentrale leerstellings van godsdiens betref. Judaïsme is gebaseer op sekere fundamentele beginsels van geloof. Jode glo in God, wat die wêreld gemaak het, en hulle geloof kom uit die ervaring van die ontvangs van die Tora. Hulle glo dat God almagtig, alomteenwoordig en alwetend is.

(4)

3.2.3 Baha'i

Baha'iste sien God as 'n onkenbare wese, ver verhewe bo die verstand en begrip van mense. God kan nie beperk word nie, dus word geloof nie beperk tot enige spesifieke doktrine (leerstelling) of dogma nie.

(4)

- 3.3 3.3.1 Vrye ondersoek
- Volg demokratiese beginsels.
 - Gekant teen enige tirannie oor die verstand van mense, enige poging deur geestelike, politieke, ideologiese of sosiale instellings om vrye denke te beperk.
 - Onderrig moet die noodsaaklike metode wees om 'n humanitêre, vry en demokratiese gemeenskap te bou. (6)
- 3.3.2 Skeiding van kerk en staat
- Die lesse uit die geskiedenis is duidelik: waar een godsdienst of ideologie gevestig word en 'n dominante posisie in die staat gegee word, word minderheidsopinies in gevaar gestel. Hulle is huiwerig oor die tradisionele gebruik van die heilige. (6)
- 3.3.3 Rede
- Bekommerd oor nie-sekulariste wat rede en wetenskap aanval. Hulle is verbind tot die gebruik van rasonale metodes van ondersoek, logika en bewyse in die ontwikkeling van kennis en die toetsing van bewerings oor die waarheid.
 - Erken die behoefte aan intellektuele beskeidenheid en die gewilligheid om oortuigings in die lig van kritiek te hersien. (6)
- 3.3.4 Wetenskap en tegnologie
- Die wetenskaplike metode, alhoewel dit nie perfek is nie, is steeds die betroubaarste manier om die wêreld te verstaan. Hulle kyk na die natuurlike, biologiese, sosiale en behavioristiese wetenskappe vir kennis van die heelal en die mens se plek daarin. Hulle verwerp die pogings deur fundamentaliste om die wetenskapklaskamer binne te dring. (6)
- [50]

VRAAG 4

- 4.1 Boeddhisme
- Almal is bang vir straf, lewe is kosbaar vir almal.
 - Om jouself met ander te vergelyk.
 - Mense moet nie moord pleeg of moord veroorsaak nie.
- Christelike godsdienst
- Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.
 - Hy het my gestuur om die goeie nuus aan die armes oor te dra, om vryheid aan die gevangenes te verkondig en om die verdruktes vry te laat.
 - Die mense van God moet geestelik en in ander aspekte van die lewe vry wees.
 - Doen aan ander wat jy wil hê hulle aan jou moet doen. (Hierdie vers word in baie godsdienste gevind).
- Hindoeïsme
- Liefde maak die hart sag teenoor almal, sagtheid bring die kosbare skat wat vriendskap genoem word.
 - Om nie kwaad te doen aan dié wat aan jou kwaad gedoen het nie, is die kroon van wysheid.
 - Mag almal gelukkig wees en niemand deur ellende geteister word nie. (18)

- 4.2 4.2.1 • Verantwoordelikheid beteken nie gewoon beperkinge nie, dit is eerder om aanspreeklik te wees vir jou aksies.
• Byvoorbeeld, kinders het die reg om nie mishandel te word nie, maar hulle het ook die verantwoordelikheid om aanspreeklik te wees vir hulle daade. (4)
- 4.2.2 Islam as 'n voorbeeld:
- Moslems glo dat alle mense uit God geskape is.
 - As gevolg hiervan, is daar basiese individuele pligte wat almal moet nakom.
 - Die pligte van die mensdom sluit sosiale pligte in, bv. teenoor familie, bure, die groter gemeenskap, die staat, ens.
 - Uitgebreide regulasies beheer rituele, interpersoonlike verhoudings en ooreenkomste soos huwelike en finansiële kontrakte.
 - Morele regulasies soos om 'n blinde persoon te help om oor 'n straat te stap.
 - Die Islamitiese benadering tot menseregte integreer individuele vryheid en die etiese, morele en godsdiensbehoefte van die menslike gemeenskap.
 - Islam leer dat 'n individu nooit die menslike identiteit van die gemeenskap kan omvergooi nie, selfs nie in 'n poging om hoër materiële doelwitte te bereik nie.
 - Gee volmate met moenie wees soos diegene wat verminder nie. Weeg met 'n ware balans en moenie mense uit hul bestaan verkuil nie.
 - Vermyn agterdog, want agterdog is sonde in sommige gevalle, en moenie op mekaar spioeneer of sleg praat van ander agter hul rug nie.
 - Jy mag nie bloed vergiet tussen jou eie mense of jou eie mense uit jou huis verbied nie. (18)
- 4.3 • In Islam word daar gesê dat daar nie verpligting in godsdiens moet wees nie.
• In Hindoeïsme word daar gesê dat, net soos alle riviere na die see vloei, lei alle paaie na God.
• Volgens die Grondwet van Suid-Afrika het elkeen die reg tot vryheid van gewete, godsdiens, denke, geloof en opinie.
• Godsdienstige aktiwiteite mag by 'n staats- of staatsondersteunde instelling beoefen word, maar sulke aktiwiteite moet die reëls van die betrokke openbare gesag volg.
• Dit moet op 'n gelyke basis beoefen word en bywoning moet vry en vrywillig wees.
• Die reg dek nie die goedpraat van haat wat gebaseer is op ras, etnisiteit, geslag of godsdiens en wat opsweping tot geweld insluit nie. (10)
- [50]

VRAAG 5

- 5.1
- Meestal 'n objektiewe aanbieding met 'n paar emosiebelaaide woorde.
 - Die artikel bied hoofsaaklik feite aan en vermy opinies.
 - Daar kan gesê word dat die artikel 'n versoenende toon het.
 - Die artikel gee die idee dat beide partye na 'n oplossing soek wat vir almal aanvaarbaar is.
- (6)
- 5.2
- Ja, deur 'n opskrif te gee dat die Dalai Lama dit waag waar ander huiwer.
 - Die Dalai Lama is 'n wêreldfiguur met 'n goeie reputasie en sy bemiddeling beteken dat dit 'n belangrike saak is.
 - Die Ayodhya-saak behels volgens hom 'te veel politiek en emosies', wat impliseer dat die regering saam met die opposisieparty by die dispuut betrokke is. 'n Bewering soos hierdie wys dat dit 'n belangrike saak is.
 - Dit het 'slegs oor die laaste dekade betekenisvol geword in Indië se politiek.'
 - Nee, die artikel bevorder nie enige eensydige oplossing of siening nie.
- (8)
- 5.3
- 'Maar alhoewel die Dalai Lama uitstekend gekwalifiseerd is om as bemiddelaar in die dispuut op te tree, lyk die moontlikheid skraal dat hy 'n oplossing sal vind wat deur albei partye aanvaar sal word.'
 - Dit bevorder die idee dat die Dalai Lama ook 'n mislukking sal wees en dat daar geen hoop op 'n oplossing is nie.
- (4)
- 5.4
- Nee. Die artikel gee net inligting.
 - Die artikel verwys na Moslems wat as indringers 'n moskee gebou het en Hindoes wat dit as ekstremiste afgebreek het.
 - Die Dalai Lama se bemiddeling is verwelkom deur al die betrokke partye.
 - Die oplossing lê in Indië se tradisie van godsdienstige verdraagsaamheid.
 - 'n Oplossing wat deur albei partye aanvaarbaar sal wees, lyk onwaarskynlik.
- (10)
- 5.5
- Die omstredenheid rondom die Deense spotprent van Profeet Mohammad
- Die spotprent was vir baie Moslems 'n belediging.
 - Dit is 'n verbreking van die reël in Islam dat die Profeet nie uitgebeeld moet word nie.
 - In 'n vry land moet mense vry wees om te publiseer wat hulle wil, binne die beperkinge wat deur die wet vasgestel word.
 - Geen land laat totale vryheid van spraak toe nie.
 - Vryheid van spraak word tipies ingeperk deur 'n verbod op naamskending, laster, onweloweglikheid, regtelike of parlementêre voordeel.
 - Dit is nie 'n goeie idee vir 'n koerant om mense se godsdienstige oortuigings te beledig nie.
 - Die koerant is van mening dat hoe minder beperkings op vryheid van spraak geplaas word, hoe beter.
 - Moet die reg tot vryheid van spraak versag word deur 'n sin van verantwoordelikheid?

- Die media behoort spesiale sensitiwiteit te toon wanneer hulle dinge sê wat haat of pyn kan veroorsaak.
- Om vrye spraak te beskerm sal dikwels vereis dat individue of groepe se gevoelens seergemaak word.

(22)
[50]

TOTAAL: 150